



## AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 24 APRIL 2022

### TWEEDE SONDAG IN PAASTYD

### GEMEENTE DAGBOEK

**GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK**  
**Vrede en Verdraagsaamheid**

**LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK**  
**Openbaring 5:11-14; Handeling 9:1-6, (7-20)**  
**Psalm 30; Johannes 21:1-19**

#### SONDAG, 24 APRIL

POSDAG  
DANKBAARHEIDSONDAG

09:30 Oggenddiens – Ds Chris Barnardo  
Deuroffer: Hoop en Versoening Trust  
Erediensspan 2 – Lorraine Louw

09:30 Kleuterkerk

09:30 Kinderkerk

Geen Aanddiens

18:00 Senior kategese

#### MAANDAG, 25 APRIL

18:30 Kooroefening  
19:00 Sportmanne Bybelstudie  
**Geen** Vroue Bybelstudie

#### DINSDAG, 26 APRIL

09:30 Senior Burger Bybelstudie  
18:00 Manne Bybelstudie in Moederskamer

#### WOENSDAG, 27 APRIL

VRYHEIDSDAG

## DONDERDAG, 28 APRIL

- 09:30 Kuilsrivier Dienssentrum – Ontbyt (Wynplaas)  
Sopbeurte: Bertha De Kock, Lynette vd Westhuizen, Riana Maritz,  
Hannelie Du Plessis, Alet Wassung, Veronica Wolfaardt
- 18:30 Diensverhoudinge vergadering

## VRYDAG, 29 APRIL

- 09:00 Gebedsbyeenkoms in Moederskamer – Almal welkom

## SATERDAG, 30 APRIL

## SONDAG, 1 MEI

WERKERSDAG  
ARBEIDSONDAG  
SINODALE BID- EN DANKDAG

- 09:30 Oggenddiens  
Deuroffer: Arbeidsbediening  
Erediensspan 3 – Elsa Welman
- Geen** Kleuterkerk  
**Geen** Kinderkerk
- Geen** Aanddiens  
**Geen** Senior kategese

## GEMEENTENUUS

1. Liana Hough (Kransduifstraat) se pa is tans in die hospitaal en ondergaan eersdaags 'n operasie.
2. Christine Maas (Othello) is tans in die hospitaal.
3. Angeliën Geldenhuys (Othello) is tans in die hospitaal.
4. Baie geluk aan die volgende persone:  
Jannie Maartens vier vandag sy 91ste verjaarsdag.  
Sylvia Geldenhuys vier die komende week haar 80ste verjaarsdag.
5. Gerrit Prins (voorheen Van Bruggenstraat, nou Langebaan) het die afgelope week 'n knie en enkel operasie ondergaan.
6. Pop Swart (Othello) is oorlede.
7. Susie Engelbrecht (Othello) is uit die hospitaal ontslaan en sterk aan by die huis.
8. Lindia Kritzinger (Brackenfell) het mediese toetse ondergaan en wag tans vir die uitslae.
9. Carine Botes (Bosoniastraat) was in Intercare Tygervallei en sterk tuis aan.
10. Ons het die volgende lidmaatskappe ontvang:  
Floris, Sue-Adrie, Daclan en Samantha Jefthas vanaf VGK Sarepta



## VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.

# VANDAG SE SINODALE DEUROFFER

## Hoop en Versoening Trust

Die **Hoop en Versoening Trust** (HVT) is 'n NPO wat gestig is om Suid-Afrikaners die geleentheid te gee om by te dra, uit dankbaarheid, tot die herstel/restourasie van die land. Die Hoop en Versoening Trust het die behoeftes van mense wat wil bydra, maar onseker is oor hoe om dit te doen en bang is dat hul bydraes verlore sal gaan in die huidige kultuur van verkwisting, raakgesien. Die Hoop en Versoening Trust is deur die NG Kerk in die lewe geroep om te werk aan die heropbou van ons land se mense en hul gemeenskappe. Die Hoop en Versoening Trust sien hulself as 'n geleentheid wat geskep is vir mense om **uit dankbaarheid** 'n bydrae te maak. Een van die Trust se waardes is die uiters noukeurige aanwending en bestuur van fondse.

Gemeenskappe wat deur die Hoop en Versoening Trust geraak is/word:

Ceres, Ceres-op-die-berg, Wamakersvallei, Khayelitsha, Beaufort-Wes, Helderberg, Kalkfontein, Riviersonderend, Wolseley, Porterville, George, Walmer, Sutherland. Van vroeëkindontwikkeling tot landelike ontwikkeling.

Dr Braam Hanekom | 021 957 7117 | 083 302 8639 | [braam@kaapkerk.co.za](mailto:braam@kaapkerk.co.za)  
Webwerf: <https://www.hopetrusts.org>

## OPNEEM VAN OFFERS

Offergawes word steeds net by die deure opgeneem aan die einde van die diens.

Jou bydrae vir die gemeente (voorheen opgeneem as bankkollekte) kan jy in die mandjies plaas.

Jou bydrae vir die sinodale instansie (soos aangedui op die aankondiginge) kan jy in die koevert plaas wat in die banke verskaf is. Gooi dié koevert dan ook in die mandjie.

## VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 24/04 Divan du Plooy, Heidi Jonas, Magdaleen Voigt, Jannie Maartens, Franswa Laing, Megan Kennedy
- 25/04 Riëtte Morkel, Mara-Louise Greeff, Louisa Blomerus, Marie Kühn, Poppie Olivier, Stephan Esterhuyse, Ina Basson, Nadine Steenkamp
- 26/04 Arian Filies, Mariska Strydom, Marina Summers, Sue-Lynne Esau
- 27/04 Joline Steyn
- 28/04 Chrisna le Roux, Sylvia Geldenhuys, Erica Taljaard, Christine Lombard, Marius Wethmar
- 29/04 Lizette Olivier, Gavin Nimmo
- 30/04 Theunis Kotze, Jeandré Swanepoel



## BASAAR – 28 MEI 2022

Ons dienswerkers is ywerig besig om van huis tot huis te gaan om lidmate se bydraes en beloftes vir die komende basaar te vra. Indien jou dienswerker jou nog nie gekontak het nie, of jy dalk buite De Eike se grense bly, kontak gerus die kerkkantoor.

Ons is dankbaar vir alle bydraes en beloftes reeds ontvang. Ons benodig egter nog baie gebak, bv. koekies, beskuit, brood, groot koeke, terte, ens. Ons benodig ook hande om by verskeie van die tafels te help met die voorbereidings en/of verkope. Weereens kontak die kerkkantoor indien jy kan help.

Hou volgende week se Akker dop vir meer besonderhede en ook 'n lys van die konvenors.

Johan Morkel (Basaarkonvenor)

## BASAAR LUSMAKER

### Tweedehandse Boeke teen Spotgoedkoop Pryse

Van Deon Meyer tot Nataniël, daar is 'n boek vir elkeen se smaak! Daar is, onder andere, 'n verskeidenheid van resepte-, tuin-, stokperdjie- en reisboeke. Outobiografieë van bekende persone is ook beskikbaar. Donasies van al u oorbodige boeke en tydskrifte is meer as welkom. Lewer asseblief by die kerkkantoor af of skakel my. Baie dankie

Sarie de Milander  
084 209 7844



### Boepensbroodjies (Jaffels)

Die volgende persone is tans deel van ons span wat vanjaar regstaan vir die Basaar : Hester Hill, Corra Kitshoff, Jakkie Swart, Miemie Myburgh, Riana Fick, Roezan Lewis, Carina Barnardo, Tarina Esterhuyzen, Cassie Carstens, Anette Bester en Erica van der Westhuizen.

Ofskoon René Ferreira en Retha Allers nie vanjaar by die Boepensbroodjies gaan help nie - hulle doen elders diens - het hulle nogtans beloop om 'n hoeveelheid maaltjies te maak. Ons sê by voorbaat baie dankie daarvoor ! Ons benodig egter nog hulp by die tafel en vra dat lidmate asseblief hul dienste kom aanbied om 'n groot sukses van hierdie Koninkrykswerk te maak !

Bokkie Geyer  
0825774673



# PREEKSKETS

## TEMA – DIE KODE IS GEBREEK (ONTSYFER)

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Openbaring 1: 4-8



1. Inleiding. Hoop is 'n goeie ding. Dalk die beste van alle dinge. En geen goeie ding gaan ooit dood nie. 'n Aanhaling uit die film “The Shawshank Redemption”, my persoonlike gunsteling van alle tye. Die film speel af in 'n tronk waar die tronk - hoof en bewaarders genadeloos hierdie misdadigers hanteer. Die gevangenes gebruik kodes en tekens waarmee hulle met mekaar kommunikeer sonder dat die wagte besef wat besig is om voor hulle oë te gebeur. Skielik is daar hoop vir die held om elke dag op te staan en saam met die mede gevangenes die wagte en veral die offisier in bevel, se wreedaardigheid te trotseer.

2. Op die eiland Patmos is daar ook 'n gevangene. Johannes skryf die Boek Openbaring as 'n woord van troos aan lydende en vervolgte Christene dwarsoor die Romeinse Ryk (Meer spesifiek die sewe gemeentes in Klein-Asië) Om te verhoed dat hulle omstandighede vererger word, skryf Johannes hierdie boek in 'n kode of geheime taal wat slegs deur die Christene in die Romeinse Ryk verstaan sal word. Iets wat ons aan bogenoemde film laat herinner.

3. Die kode kan gekraak(ontsyfer) word. Ons het die sleutel in hand waarmee hierdie kode ontsyfer kan word. Die Boek Openbaring is 'n woord van troos op 'n wonderlike toekoms wat vir ons voorlê. Dit is 'n boek propvol hoop in 'n hopelose wêreld. Johannes wil vir ons sê dat Jesus se lyding, dood en opstanding meer betekenisvol is as wat ons ooit kan dink. Dit was meer as net 'n teregstelling deur die brutale Romeine. Johannes skryf dat Jesus se lyding, dood en opstanding 'n positiewe uitkoms vir ons as Christene het. Maar dat die kode van ons eie lewe met al sy misterie, pyn en verwarring ook gekraak (ontsyfer) word.

4. 'n Beter verstaan van ons eie lewens. Ons lewens in hierdie wêreld lyk baie keer deurmekaar en flenters. Ons lewens is gevul met onsekerheid, lyding en dood. Ons kan identifiseer met Johannes daar op die eiland Patmos en al die eerste eeuse Christene wat verniel en onderdruk was vir die eenvoudige rede: “Hulle het in Jesus geglo”. Maar dan word die kode deur middel van vandag se teks ontsluit. Die gordyn word te midde van ons pyn, angs, verlies en onsekerheid effens oopgetrek. Die venster word oopgemaak. Dit wat in die ewige lewe gebeur word aan ons ge-openbaar.

5. Slot. Ons beleërde en verbitterde wêreld, sowel as die wagte wat dink ons is dwase, vir wie dit klink asof ons doelloos kommunikeer, het 'n deur vir ons wawyd oopgelaat. Iemand het vergeet om daardie deur van hoop toe te maak. Maar vir ons, vir wie die kode gekraak (ontsyfer) is, ons wat die Waarheid die Weg en die Lewe ken - ons weet wat is besig om te gebeur. Dit is 'n openbaring. Dit is goeie nuus. Dit is hoop. Hoop is 'n goeie ding. Dalk die beste van alle dinge. En geen goeie dinge gaan ooit dood nie.